HOE OM GOD SE LIEFDE EN VERGIFNIS TE ERVAAR

Doelwit: Om jou toe te rus sodat jy kan weet hoe om jou sondes te bely en God se liefde en vergifnis te ervaar.

Mikpunte: Hierdie sessie sal jou help om:

1. Te weet wie Jesus is en hoekom Hy na die aarde gekom het.
2. Die drie soorte mense te verstaan soos in 1 Korintiers 2:14 – 3: 3 beskryf.
3. Belydenis te verstaan.

Campus Crusade for Christ International
International Training Office
(c) All Rights Reserved

HOE OM GOD SE LIEFDE EN VERGIFNIS TE ERVAAR

I. Inleiding

……

……

……

II. Wie is Jesus Christ?
Joh 10:30-33; Jes 7:14; Mat 1:18-25; Luk 24; Mat 28:1-10 & Rom 1:4

……

……

……

III. **Hoekom het Jesus Christus na die aarde gekom?** Joh 3:16; Rom 8:1, 2 & Joh 10:10

……

……

……

Wat is 'n oorvloedige lewe?

……

……

……

Dink aan Christene wat jy ken. Ervaar die meeste Christene 'n oorvloedige lewe?

IV. Die meeste Christene ervaar nie 'n oorvloedige lewe nie.

A. Die meeste Christene leef in neerlaag en ondervind nie 'n lewe van vreugde en oorwinning soos ons in die Bybel geleer word deur die Here en die apostel Paulus nie.

B. Die eerste eeu se kerk het 'n enorme invloed vir God op die wêreld gemaak.

C. Vandag staan ons voor 'n groot uitdaging: Ons leef in so 'n desperate tyd, maar beleef ook die mees opwindendste tye ooit in die geskiedenis.

……

……

……

V. Die Bybel praat van drie soorte mense (1 Kor 2:14 - 3:3)

Die wêreld is in nood maar Christene is deel van die probleem eerder as deel van die oplossing.

Iemand wat nie die Gees van God het nie.
Die natuurlike mens - deel van die probleem. (1 Kor 2:14)



The Natural Person

Iemand wat die Gees van God het.
Die geestelike mens - deel van die oplossing. (1 Kor 2:15,16)



The Spiritual Person

Iemand wat 'n kind in die geloof is.
Die vleeslike mens - deel van die probleem. (1 Kor 3:1 - 3)



The Worldly Person

VI. God bied 'n oplossing vir die wêreldse / vleeslike Christen.

Geloof is die sleutel om God se opstandingskrag en lewe te ondervind. (Rom 7:25-8:4)

A. Die Heilige Gees is ons bron van krag.
Die Heilige Gees maak ons vry van die vernietingende krag van sonde en dood. Selfopgelegde godsdienstige reels lei slegs tot mislukking en frustrasie. Slegs die krag van die Heilige Gees gee oorwinning.

B. Geloof is die sleutel.
Deur geloof kan ons Christus se opstandingskrag vir onsself toe-eien en in die Gees wandel.

C. Die wêreldse / vleeslike Christen kan die oplossing vir homself verkry en sodoende 'n Geestelike Christen word deur "**geestelike asemhaling**."
Uitasem = belydenis van sonde
Inasem = Eien deur geloof, met 'n wilsbesluit, die krag van God se Heilige Gees toe.

VII. Ons asem Geestelik uit wanneer ons ons sondes bely (Met God saamstem oor ons sondes), volgens God se beloftes in 1 Joh 1:9.

A. Wat is belydenis? Belydenis is eenvoudig om met God saam te stem oor ons sondes.
   1. Ons erken dat ons sondes verkeerd is en God bedroef. Ons moet nie probeer om verskonings vir ons sondes te gee nie, maar net saamstem dat dit verkeerd is.
   2. Ons erken dat God ons vergewe het – verlede, hede en toekoms – op grond van Christus se dood en gestorte bloed aan die kruis.
   3. Ons draai weg, of verander ons gesindheid teenoor sonde, wat lei tot 'n veranderde lewe.

B. Wat is die basis van vergifnis volgens Hebreëers 10:10, 14?
- Christus se plaasvervangende dood aan die kruis vir ons sondes.

VIII. Hoekom moet ons sondes bely?

……

……

……

IX. Aksiepunt.

A. Bid dat die Heilige Gees elke sonde in jou lewe sal openbaar.
B. Skryf elke sonde neer soos wat die Gees dit aan jou openbaar en stem daarmee saam.
C. Bely elke sonde afsonderlik voor God.
D. Aanvaar vergifnis en skryf God se belofte van vergifnis in 1 Joh 1:9 regoor die bladsy.
E. Vernietig die lys en dank God aangesien Hy al jou sondes vergewe het.
D. Gaan maak reg waar nodig (restitusie). Dink aan situasies waar jy ander verontreg het.
E. Nadat jy jou sondes bely het, is dit normaal dat Satan steeds skuldgevoelens oor jou sal laat kom. Weet dit is nie van God nie, aangesin God se vergifnis volmaak is. In Psalm 103:12 getuig Dawid: *"So ver as die Ooste verwyderd is van die Weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons."*